# Is dit Moontlik om te Leef Sonder om **Sonde** te doen?

Deur Joe Crews

Kopiereg © 1984 deur
Joe Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

Buiteblad deur Art Landerman

# Is Dit Moontlik Om te Leef Sonder om **Sonde** te Doen?

Onlangs het ek die verstommende verslag gelees van ‘n man wat hom onderwerp het aan ‘n wetenskaplike hipnose eksperiment. Terwyl hy onder die invloed van ‘n ligte hipnotiese beswyming was, was hy beveel om ‘n glas van die tafel af op te tel. Ten spyte daarvan dat hy ‘n sterk, atletiese tipe man was, kon hy nie die glas vanuit sy posisie verroer nie. Sy kragtigste pogings kon nie die glas oplig wat lig genoeg was vir enige kind om te verwyder nie.

Waarom kon hy dit nie doen nie? Omdat die wetenskaplikes, nadat hulle hom in ‘n beswyming geplaas het, vir hom gesê het dat dit onmoontlik was om die glas op te tel. Omdat sy verstand oortuig was dat hy dit nie kon doen nie, was sy liggaam nie in staat om die bevel uit te voer om dit op te tel nie. Wat ‘n dramatiese demonstrasie daarvan dat geen persoon werklik bevele kan gehoorsaam wat hy glo onmoontlik is om uit te voer nie!

Is hierdie die rede waarom so baie Christene kragtelose, verslane lewens lei? Daar is geen twyfel daaraan dat die gewilde, moderne teologie miljoene geleer het dat niemand regtig kan leef sonder om sonde te doen nie. Die Tien Gebooie is uitgebeeld as ‘n idealistiese kode wat slegs daar gestel is met die doel om mense bewus te maak van hulle behoefte.

Baie moderne Christene wend hulleself al hoe meer tot ‘n toegeeflike standpunt oor die onderwerp van wetsonderhouding. Hulle glo God se liefde is teenstrydig met streng reëls en bestraffing vir oortreding.

Dit is ‘n baie aangename leerstelling maar heeltemal teenstrydig met dit wat die Bybel leer. Miljoene word

gekondisioneer om die groot morele wet van die heelal te oortree – sonder enige skuldgevoelens! Die Woord van God bied aan geeneen die verskoning om ontspanne te voel oor sonde nie. Dit is die kernvraagstuk van elke persoon wat gebore is. Soos 'n hoogsaansteeklike siekte besmet sonde elke siel met die kieme van die dood, en geen aardse genees- of afskrikmiddel is al gevind wat die noodlottige verloop van die siekte kan stuit nie.

Sedert die eerste verskyning van sonde in die Tuin van Eden ontwrig dit alles wat goed is. Nie in een geval was dit in staat om saam met regverdigheid en heiligheid te bestaan nie. Die vereistes van God maak dit heeltemal onmoontlik vir sonde of ongehoorsaamheid om deel van die Christelike leefwyse te wees. Dié nuwe verdraagsaamheid teenoor sonde is geensins bybels nie. Jesus het gekom om mense daarvan te red; Hy het gekom om dit te vernietig. Dit sal nooit in die Hemel ingaan nie. Ons houding teenoor sonde moet ontoegeeflik wees. Dit kan gladnie meer aanvaarbaar gemaak word deur die hoeveelheid te verminder of om die vorm daarvan te verander nie. *Dit moet vernietig word.* En die enigste manier om dit uit te roei, is deur die volheid van Jesus Christus en Sy genade in die lewens te ontvang.

Hoe vreemd is dit nie dat so baie kerklidmate nou verskonend raak teenoor sonde nie, asof dit nie verhoed kan word om in die lewe van 'n Christen te heers nie. Hoe durf ons die krag van God se genade deur die evangelie wanvoorstel! Jesus het alreeds die duiwel oorwin, en geen Christen behoort geïntimideer te word deur 'n ondergeskikte verslane vyand nie. Daar behoort geen regverdiging te wees vir die oortreding van die Tien Gebooie nie.

Dit is ernstig genoeg om doelbewus 'n sondedaad te pleeg, maar dit is oneindig meer fataal om dit te verdedig as iets wat nie vermy kan word nie. Om te sê dat oorwinning onmoontlik is, is

om die toereikendheid van die evangelie te ontken en om ‘n groot gedeelte van die geïnspireerde Skrifte te weerspreek. Voorts ondersteun dit ook die oorspronklike aanklag van Satan teen God, en gee ‘n magtelose, bedrieglike vastigheid aan elkeen wat dit glo.

Dikwels verdedig mense sonde omdat hulle nie in hulle eie krag kon ophou om dit te doen nie. Byvoorbeeld, wanneer hulle nie kan ophou rook nie, moet hulle ‘n rasionalisering vind vir die teenwoordigheid daarvan in hulle lewens. In plaas daarvan om die vernederende bekentenis te maak dat hulle dit nie kan oorwin nie, versin hulle argumente soos dat dit hulle nie regtig skade aandoen nie of dat niemand volmaak kan wees nie. Of die gewilde, gerieflike leerstelling dat niemand in elk geval regtig sonder sonde kan leef nie.

Dit is hoogswaarskynlik korrek om te sê dat die meerderheid van Christene hulle vandag daarin berus dat hulle nie ten volle aan die morele wet kan voldoen nie. Hulle is inderdaad heeltemal tevrede dat God nie eers van hulle verwag dat die wet vervul moet word nie, of dit nou in die vlees of in die gees is.

Die uitwerking van so ‘n leerstelling is presies wat ‘n mens kan verwag – menigtes van emosioneel gelukkige, maar ongehoorsame, kerklidmate wat voel dat enige besorgdheid oor die onderhouding van die gebooie haarklowery en wetties is.

Wat ‘n bedrieglike strategie van Satan! As die uitvinder van die leerstelling, ondersteun die bose een eenvoudig sy eeue-oue beskuldiging dat God te veel verwag. Hy het God van onredelikheid beskuldig deur die onmoontlike te vereis.

Hy was in staat om ‘n derde van die engele te oortuig dat God onredelik was om gehoorsaamheid aan Sy wet te verwag, en sedertdien probeer hy om almal dit te laat glo. Bepeins dit vir ‘n oomblik, en die hele diaboliese plan begin om sin te maak. Satan weet dat slegs sonde iemand uit die hemel sal hou. Aangesien

sonde die “oortreding van die wet” is, moes hy ‘n plan vervolmaak wat mense die verbreking van die wet ligtelik en as aanvaarbaar sou laat beskou. 1 Johannes 3:4. Om die idee vir Christene aanneemlik te maak, was Satan inderdaad in staat om dit as ‘n leerstelling te vermom en dit op ‘n toegeeflike Christendom af te smeer.

In elke evangelistiese uitreiking kom ons dit in een of ander vorm teë, gewoonlik ten opsigte van die wet en die Sabbat. Die lastige aansprake van gehoorsaamheid word afgemaak met ‘n “Wel, niemand kan in elk geval die Tien Gebooie onderhou nie.”

Die probleem eindig egter nie daar nie. Selfs Christene wat die aansprake van die morele wet aanvaar het, is ook nie te bekommerd oor hoe deeglik hulle daaraan voldoen nie. Op ‘n subtiele manier is hulle beïnvloed deur die geloof dat te veel besorgdheid oor gehoorsaamheid ‘n vorm van verlossing deur werke is. Dit is ongelooflik dat dit blyk asof sommige so bang is om die wet noukeurig te hou dat hulle inderdaad voorsiening maak om dit te verbreek. Sodoende stel hulle hulself verkeerdelik gerus deurdat hulle nie wetties is nie.

Hoe kan mense wat verbind is tot die onderhouding van die wet ooit innerlik tot so ‘n verwarrende teenstrydigheid kom? Blootstelling aan ‘n valse konsep van regverdigmaking deur geloof, is slegs gedeeltelik die antwoord. Die probleem is merendeels gebaseer op menslike mislukking en swakheid van die vlees. Omdat hulle struikel in hulle pogings om volmaak te wees, kom hulle uiteindelik tot die gevolgtrekking dat dit onmoontlik is om nie sonde te doen nie. Daarna is dit maklik om te begin om Bybeltekse te vertolk om hulle swak ondervinding te ondersteun. Satan het die sielkundige neiging van die menslike verstand benut om te rasionaliseer, en spoedig het hulle ‘n aangename leerstelling ontwikkel wat hulle toevallige afwykings van die wet aanvaarbaar gemaak het. Gevolglik is die meeste

Christene vandag onderworpe aan ‘n afwisselende ondervinding van oorwinning-nederlaag, oorwinning-nederlaag. Vir hulle is dit die goedgekeurde lewenstyl van normale Christene.

Iets is egter totaal verkeerd met hierdie standpunt. Eerstens, leerstellings behoort nooit gebaseer te wees op gevoel of menslike ondervinding nie. Die oorsprong daarvan moet die eenvoudige, ondubbelsinnig lering van die Woord van God wees. Dit is waar dat Bybeltekse versamel kan word wat lyk asof dit die leerstelling van geestelike onvolmaaktheid ondersteun. Ons word verseker dat almal gesondig het, dat die vleeslike verstand in vyandskap met God is, en dat die mens se regverdigheid soos smerige lappe is. Al die versies oor mislukking, sonde en nederlaag is met verwysing na die *onwedergebore* ondervinding van ‘n persoon. Daar is letterlik honderde ander tekse wat ‘n teenoorgestelde ondervinding beskryf van ‘n totale oorwinning en sondelose lewe. In elke geval verwys hulle na die Geesgevulde lewe van ‘n bekeerde, toegewyde kind van God.

Hierdie onderskeid moet altyd in die lees van die Skrif erken word. Die evangelie van Jesus Christus is die *krag* van God tot saligmaking. Sy genade is sterker as al die ingespanne magte van die bose. Jesus het gekom om Sy volk uit hulle sonde te red. Niemand wat die sesde hoofstuk van Romeine verstandig lees, kan glo dat die Christen vry is om sonde te beoefen nie. Paulus vernietig die leerstelling heeltemal dat ‘n gelowige behoort aan te hou om in sonde te val.

Dit is waar dat voorsiening gemaak word vir reiniging *indien* sonde gepleeg is, maar God se volmaakte plan het dit vir die mens moontlik gemaak om elke sonde te oorwin en om ‘n lewe van volmaakte gehoorsaamheid deur Christus te leef. Die Bybelbeloftes is inderwaarheid so duidelik en spesifiek oor hierdie punt dat dit moeilik is om verward te raak. Geen geheime betekenis of verskuilde voorbehoud kan in die menige tekse

gevind word wat die oorwinnende ondervinding van die wedergebore kind van God beskryf nie. En slegs omdat enigeen dalk nog nie tot daardie volheid van geloof gegroei het wat voortdurende oorwinning bring nie, behoort hy nie daarom die krag van God te ontken om sodanige verlossing te gee nie. Toe Petrus in die See van Galilea begin sink het, was dit nie omdat God se plan of krag misluk het nie. Petrus kon gerasionaliseer het, soos vele moderne Christene, en gesê het, "God wou nie gehad het dat ek op die water moes loop nie, en buitendien is dit onmoontlik vir enigeen om in elk geval so-iets te doen." Net soos ons eerste ouers neig ons nog steeds om die finale skuld op God te plaas wanneer ons faal om Sy plan vir heilige lewens te volg.

## Totale Oorwinning Belowe

Dit wil voorkom asof die Gees van God die stryd verwag het waardeur baie sou moes gaan om die bybelse versekering van totale oowinning te aanvaar. Die geïnspireerde skrywers het gevolglik byna dweepagtige taal gebruik om die moontlikhede te beskryf om sonde te oorwin. Buitengewone uitdrukkings word gebruik wat in werklikheid die verstand laat weifel. In plaas daarvan om te sê dat ons miskien gered kan word, sê die Bybel ons kan "volkome gered word." Hebreërs 7:25. In plaas van om te sê dat ons miskien kan oorwin, verseker dit ons dat ons "meer as oorwinnaars" kan wees. Romeine 8:37. In plaas dat daar gesê word dat ons net kan triomfeer, word daar vir ons gesê dat ons "altyd kan triomfeer." 2 Korinthiërs 2:14. In plaas daarvan om vir ons dit te beloof wat ons ookal mag vra om ons te help in ons geestelike stryd, sê die Bybel dat Hy ons gee "ver bo alles wat ons bid of dink" Efesiërs 3:20. En die versie net voor daardie een waarborg duidelik dat ons "vervul kan word tot al die volheid van God." Vers 19.

Daar moet erken word dat baie van hierdie beloftes te ontsaglik vir ons menslike verstande is om ten volle te begryp, maar hulle is beslis bedoel om ons te beïndruk met die omvang van God se hulpmiddels vir ons.  Indien die uitdrukkings oordrewe klink, is dit slegs omdat ons geloof te swak en die vlees te kragteloos is om te glo dat sulke reiniging en heiligmaking ooit in ons vervul kan word.  Ons neig om vinniger op ons gevoelens te vertrou as op die Woord van God.

Is dit belangrik om die beloftes te glo presies soos wat dit geskryf is?  Ja, omdat dit slegs deur daardie beloftes is wat verlossing verkry kan word.  “Waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.”  2 Petrus 1:4.

Let daarop dat dit “daardeur” is wat ons die korrupsie van sonde vryspring.  Wat is “daardeur”?  Die beloftes van God.  Die volgorde van oorwinning is duidelik in hierdie besonderse teks uiteengesig.  Deur geloof in die belofte word ons ‘n deelgenoot van die goddelike natuur, en deur die krag van daardie nuwe natuur in ons, is ons in staat om die verdorwenheid van sonde vry te spring.  Met ander woorde, alles hang af van die oorgawe en toewyding van jouself tot die inwonende Gees van Christus. “Sonder my,” het Jesus gesê, “kan julle niks doen nie.”  Johannes 15:5.

Ewe belangrik is die geïnspireerde opmerking van Paulus, “Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.” Filippense 4:13.  Daardie klein uitdrukking “alles” is die sleutel tot oorwinning vir elkeen van ons.  Dit sluit krag in oor dwelms, immoraliteit, eetlus, trots, en elke daad van sonde wat ons die ewige lewe kan ontneem.

## Alle Dinge Tot Jou Beskikking

Die belangrike punt hier is dat wanneer u die krag van Christus in u lewe kry, u alles het wat u ooit kan begeer. “Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?” Romeine 8:32. Daar is daardie uitdrukking weer - “alles.” U sal dit ook in 2 Petrus 1:3 vind: “Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien …”

Wanneer u daardie tekse saam beskou, verskyn ‘n ongelooflike beeld. Deur aanspraak te maak op die teenwoordigheid van Christus in u lewe, ontvang u ook alles wat Christus besit. Paulus beskryf dit op hierdie manier: “Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.” 1 Korinthiërs 1:30.

Hier word “alles” afgebreek tot eie besondere individuele ondervindings, en ons begin om te sien dat Petrus reg was toe hy gesê het dat God ons alles geskenk het wat hoort by godvresendheid. Daardie Christene wat twyfel aan die moontlikheid om sonde heeltemal te oorwin, behoort hierdie versies noukeurig te lees. Wat sluit daardie woorde “geregtigheid,” “verlossing” en “heiligmaking” in? Al drie daardie woorde beloof aan ons meer as net verlossing van die skuld van ons sondes van die verlede. Die woord “verlossing” is nie beperk tot verlossing van die skuld van sonde nie, maar ook van die krag van sonde. “Heiligmaking” is ‘n woord wat voortdurende, daaglikse groei in die oorwinning van sonde, beskryf. “Geregtigheid” beteken letterlik om reg te doen en is van toepassing op ‘n dinamiese vervulling van God se wil. Dit is almal kragtige woorde, maar het almal die bybetekenis van om vrygestel te word, beide van die skuld en die beoefening van

sonde.

Elke kind van Adam het twee dinge dringend nodig – vergifnis vir die verlede, en krag vir die toekoms. Verlossing sluit beide hiervan in; die idee dat *volle* verlossing van die skuld van sonde ingesluit is, maar slegs *gedeeltelike* verlossing van die krag van sonde, is ‘n verdraaiing van die evangelie. Jesus het nie gekom om ons slegs van die gevolge van sonde te verlos nie, maar om ons te red van die sonde self. Redding is nie ‘n negatiewe ding nie; nie slegs die afwesigheid van iets nie. Hy het nie slegs gekom om iets weg te neem nie – ons skuld, maar om vir ons iets te gee – oorwinning oor sonde. Vir God om ons te vergeef en ons onder die krag van voortdurende sonde te laat, sou van God ‘n medepligtige aan sonde maak. Hy *ag* ons nie slegs regverdig deur die toerekening van Sy versoenende dood nie, maar Hy *maak* ons regverdig deur ons deelagtig te maak aan Sy oorwinnende lewe.

Nadat u die hele sesde hoofstuk van Romeine aandagtig deurgelees het, kan u die volgende lees indien u meer versekering nodig het dat die oorwinning u s’n kan wees:

1 Korinthiërs 15:57 – “Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.”

1 Johannes 5:4 – “Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, *naamlik* ons geloof.”

Filippense 2:5 – “Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.”

2 Korinthiërs 5:21 – “…sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.”

1 Johannes 3:6 – “Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie.”

Kom ons keer weer vir ‘n oomblik terug na die analogie van die gehipnotiseerde man. Hy kon fisies nie ‘n klein glasie van die

tafel af optel nie omdat sy verstand ten volle oortuig was dat dit nie gedoen kon word nie. Was Satan in staat om die kerk so bewegingloos te maak deur die krag van sy hipnotiese, bedrieglike bewering dat gehoorsaamheid onmoontlik is? Dit wil sekerlik so voorkom.

Niemand gaan enigsins ‘n ernstige poging aanwend om iets te doen wat hy glo onmoontlik is nie. Dit is dus duidelik dat diegene wat glo dat hulle nie kan leef sonder om sonde te doen nie, nie eers probeer om sonder sonde te leef nie. Geen redelike persoon sal tyd en energie vermors in ‘n nodelose stryd om niks te bereik nie.

Dit bring ons by ‘n interessante vraag: Kan ‘n persoon glo dat daar geen manier is om op te hou om sonde te doen nie, en nogtans planne maak om nie sonde te doen nie? Logies sou dit baie onwaarskynlik lyk, indien nie onmoontlik nie. Die Bybel beveel ons egter om “geen voorsorg te maak vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.” Romeine 13:14. Maak ons inderdaad voorsiening vir sonde deur te glo dat dit onmoontlik is om nie sonde te doen nie?

## Aan Hom Wat Oorwin

Die hele boek Openbaring is gerig aan die sewe kerke van Asië. In elkeen van die kerke het sekere persone groot lof en skitterende beloftes van hemelse vergoeding ontvang. Sonder uitsondering was die seën aangebied “aan hom wat oorwin.” Daardie sewe kerke simboliseer elke tydperk van die Christelike kerk vanaf die apostels tot aan die einde van tyd. Indien oorwinning oor sonde nie moontlik was nie, sal geen persoon uit al daardie eeue gered word nie.

Om die moontlikheid van totale oorwinning oor sonde te ontken, is om God te beroof van die heerlikheid van Sy sending.

Hy het gekom, sê die Bybel, om die werke van die duiwel tot niet te maak.  Daardie werke is die werke van sonde.  Indien niemand op Sy krag sou aanspraak maak om sonde heeltemal te oorwin nie, sou die duiwel se beskuldiging bevestig word.  Die vereistes van God sou onthul word as te moeilik om te gehoorsaam.

Jesus het gesê dat Hy gekom het “om te soek en te red wat verlore was.”  Lukas 19:10.  Hier het Hy aangedui dat meer as net mense herstel nodig gehad het.  “Wat verlore was” sluit ‘n sondelose karakter in.  Sy sending was om die hele program van sondebesoedeling wat deur Satan ingestel was, teen te werk en te neutraliseer.  Om die beeld van God in die mens te herstel, is ‘n baie belangrike deel van die ewige evangelie.  Daardie werk van die evangelie moet gedoen word voordat Jesus kom en nie as een of ander betowerende nagedagte van ons terugkerende Here nie.

Die boek van Openbaring identifiseer die hoofkaraktertrek van die verlostes as gehoorsaamheid.  “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.”  Openbaring 14:12.  “En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.”   Openbaring 12:17.  “Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.” Openbaring 22:14.

Hoe betekenisvol is dit dat die voorwaarde vir die mens om in Eden te kon bly, ook die voorwaarde is om tot Eden terug te keer. Enigeen wat glo dat gehoorsaamheid onbelangrik is, behoort weer die treffende verhaal van Adam en Eva te lees.  ‘n Klein, fisiese daad van sonde het gelei tot al die tragedie van die afgelope 6,000 jaar.  Diegene wat daardie verlore paradys sal beërwe, sal bewys het dat hulle met die ewige lewe vertrou kan

word. Deur getroue gehoorsaamheid in die aangesig van die dood, sou hulle bewys het dat Satan se aanklagte heeltemal vals was. Hulle onwankelbare lojaliteit sal ‘n ewige waarborg wees vir die veiligheid van God se herstelde heerskappy.

Wat kan ons dan sê aangaande diegene wat die goeie werke van gehoorsaamheid so ligtelik beskou? Hulle is onderworpe aan ernstige misleiding en bevorder sodoende Satan se dodelike sondestrik. Die heerlikste ondervinding van die opregte bekeerde is om die patroon van selfbevrediging en sonde te verbreek. Onder die heerskappy van die Gees van God, kan vleeslike gewoontes oorwin en uit die lewe verban word. Deur geloof in die beloftes kan ongelooflike krag vrygelaat word in die lewe van iemand wat gewillig is om die genieting van sonde prys te gee.

Die hart van God verlang daarna dat ons op Sy woord sal vertrou en aanspraak moet maak op die krag wat Hy beloof het. Die is die enigste weg na ware oorwinning. Niemand kan oorwinning ervaar wat nie glo dat oorwinning moontlik is nie. Lees weer die versekerings van die Bybel. Moenie probeer om hulle te verdraai om aan te pas by die swakhede en mislukkings van u menslike ondervinding nie. Hulle bedoel wat hulle sê. Bevryding behoort aan u as u net glo en vra.

Hier moet ons vir ‘n wyle stilstaan en ‘n beswaar oorweeg wat altyd teen diegene ingebring word wat in totale oorwinning glo. Dit klink soos volg: Indien jy glo dat dit moontlik is om te leef sonder om sonde te doen, kan jy dan sê dat jou eie lewe sondeloos is?

Al verdien die vraag ‘n antwoord, behoort daarop gewys te word dat die beswaar nie betrekking het op die strydvraag nie. Indien die Bybel ‘n waarheid bewys, behoort dit aanvaar te word op grond van die geïnspireerde gesag daarvan en nie op die grondslag van die boodskapper se ondervinding nie. Indien oorwinning oor alle sonde moontlik is deur Christus, is dit waar, óf

die prediker nou daarop aanspraak gemaak het óf nie. Verder is die werk van heiligmaking ‘n progressiewe, lewenslange ondervinding en kan nooit op enige tydstip as afgehandel beskou word nie. Selfs al kan ‘n persoon onbewus wees van enige bekende sonde, kan hy nooit daarmee spog om sondeloos te wees nie. Inderwaarheid sal die persoon wat die naaste aan volmaaktheid is, die laaste een wees wat dit sal besef, want hoe nader hy aan Jesus kom, hoe onvolmaakter sal hy in sy eie oë lyk.

Die aanspraak mag ook gemaak word dat die leerstelling van oorwinning oor sonde grootliks te idealisties is en te teologies gekompliseerd om prakties te wees. Niks kan egter verder van die waarheid af wees nie. Selfs ‘n kind kan die eenvoudige geloofstransaksie verstaan om die beloftes van die Bybel toe te eien. Daar is nie ‘n gewoonte of sonde wat aan die mens bekend is wat nie deur geloof oorwin kan word nie.

Binne die volgende paar minute gaan u in staat wees om die prag van hierdie goddelike oorwinningsplan te waardeer. U sal leer hoe om op te hou om te rook, te vloek, te veel te eet, te skinder, of enige ander sonde te doen. Laat niks u aandag aftrek terwyl u die volgende paragraaf lees nie. Dit kan die omkeerpunt van u lewe wees en meer beteken as al die geld in die wêreld. Aangesien so baie ‘n styd voer met sigarette, sal ek daardie vergryping as ‘n illustrasie gebruik van die oorwinning wat ons beskryf. Plaas u eie probleem in daardie gedeelte, en neem dan die vier stappe tot salige oorwinning.

## Die Geheim van Oorwinning

Het u al gehoor van die nuwer manier om oorwinning oor tabak, of enige ander sonde, te behaal? Dit word soms die “verminderings” metode genoem, maar gewoonlik werk dit net

nie. O, dit werk, natuurlik gedeeltelik, omdat ouderdom sorg dat sommige versoekings en sondes kwyn, en die verloop van tyd laat die res verdwyn wanneer die dood intree. Weet u egter waarom “probeer” nie werk in die stryd om die duiwel te oorwin nie?

Waarom kan ons nie vir ‘n paar maande teen die duiwel veg en hom uiteindelik verdryf nie? Omdat die duiwel sterker is as ons. Ons sou vir ‘n jaar teen hom kon veg, maar aan die einde van daardie jaar sal hy nog steeds sterker wees as ons. Om te probeer sal nooit die krag van enige sonde verbreek nie, omdat ons te doen het met ‘n vyand wat altyd sterker sal wees as ons. Wat is dan die antwoord op ons swakheid en mislukking? Hierdie vraag lei ons na die aangenaamste en mees verhewe geheim in die Woord van God. Laat ons dit biddend en peinsend bestudeer.

Eerstens moet ons verstaan dat al die Hemel se gawes vir ons beskikbaar is deur die beloftes van die Bybel, en dat ons dit deur geloof ontvang. Petrus beskryf die “grootste en kosbare beloftes” en verseker ons dat “julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur.” 2 Petrus 1:4. Groot krag word bevat in die belofte om dit te vervul aan almal wat in geloof daarop aanspraak maak. Weinig is gewillig om te glo dat die beloofde seën hulle s’n word die oomblik wanneer hul dit glo. Waarom is dit so moeilik om volkome te glo dat God sal doen wat Hy beloof?

Laat ons nou kom by die kern van oorwinning en die vier eenvoudige skriftuurlike stappe oorweeg wat enige gelowige kan neem om op God se krag aanspraak te maak. Vier tekse sal lig werp op die verbasende manier. *Eerstens:* “Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.” 1 Korinthiërs 15:57. Laat u gedagtes toe om die aangename boodskap van hierdie woorde te geniet. *Oorwinning is ‘n geskenk!* Ons verkry dit nie deur ons pogings nie, of is geregtig daarop as gevolg van enige sogenaamde goedheid nie. Al wat

ons moet doen, is om daarvoor te vra, en die oorwinning sal vrylik deur Christus aan ons gegee word. Hy is die enigste Een wat ooit die oorwinning oor Satan behaal het, en indien ons ooit die oorwinning besit, sal dit as ‘n geskenk van Hom af moet kom.

Laat ek u iets vra. Het u oorwinning in u lewe nodig oor ‘n bindende, slegte gewoonte van sonde? Sommige is slawe van eetlus, alkohol of tabak. Andere stry hulpeloos teen onkuisheid, woede, of wêreldsheid. Die Bybel sê dat u die oorwinning as ‘n geskenk deur Jesus Christus kan verkry. Glo u dat Hy vir u daardie krag sal gee indien u vir Hom vra? Hoe seker kan u daarvan wees dat God u gebed vir oorwinning onmiddellik sal beantwoord? Hier is hoe seker u kan wees – net so seker as wat Christus se woorde waar is! Ons *tweede* teks is Mattheus 7:11, “As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!”

Is dit ‘n goeie ding wanneer u vra vir oorwinning oor tabak, of enige ander vleeslike of morele sonde? Natuurlik is dit! En u hoef nie eers te vra of dit God se wil is nie! Hy het alreeds vir ons in die Bybel gesê dat dit Sy wil is om die werke van sonde en die duiwel te vernietig. Indien ons sou bid vir meer geld of ‘n beter werk, behoort ons te vra volgens Sy wil, maar die oorwinning oor sonde is beloof aan elkeen wat in geloof vra.

Sal God die oorwinning gee wanneer ons Hom vra? Jesus het gesê dat Hy meer as gewillig is om hierdie goeie ding te gee as wat ons is om ons kinders te voed wanneer hulle honger is. Hy wag om u geloof te beloon en “sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.” Filippense 4:19. Hierdie beloftes is so sonder voorbehoud en onbeperk dat ons verstande dit nie kan begryp nie. Waarom was ons so huiwerig om te vra vir die voorsienings van genade? Waarom is dit so moeilik om te glo dat God presies bedoel wat Hy

sê? Hy sal elke belofte nakom.

## Geloof Maak Dit So

Hier is die volgende vraag. Hoe weet ons dat ons die oorwinning besit nadat ons Hom gevra het? Omdat Hy gesê het dat ons dit sal hê. Ons weet dat God nie lieg nie. Ons kan Sy belofte glo. Die oomblik wanneer ons vra, moet ons aanvaar dat ons dit ontvang, Hom bedank vir die geskenk, en voortgaan om op te tree asof dit gedoen is. Daar moet nie ‘n “gevoel” of ander bewys vereis of verwag word nie. Die selfvervullende krag in die belofte word ontvang in reaksie op ons geloof alleen.

Dit bring ons by die *derde* teks, wat in Romeine 6:11 gevind word, “So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.” Die woord “reken” beteken om te glo, of dit te beskou as gedoen. Elke greintjie geloof behoort op daardie een versoek vir oorwinning gefokus te word en dan moet dit aanvaar word as ontvang. Onthou u hoe Petrus op die water geloop het? Hy het vir Jesus gevra of hy uit die boot op die stormagtige see kon klim, en Jesus het vir Petrus gesê om te kom. Hoe lank het Petrus egter die onmoontlik gedoen deur op die water te loop? Die Bybel sê, “Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my!” Mattheus 14:30.

Waarvoor was Petrus bang? Hy was bang om te sink en te verdrink. Ten spyte van Christus se versekering dat hy veilig op die water kon loop, het Petrus begin twyfel aan die woord van die Meester. Dit is toe dat hy begin sink het. Solank as wat hy die belofte van Jesus geglo het en in geloof opgetree het, was hy veilig. Toe hy getwyfel het, het hy gesink.

Wat is nou die onmoontlike soverre dit u aangaan? Dit is nie om op water te loop nie. Dit is om daardie tabakgewoonte te

oorwin. En Christus sê, “Kom na my. Ek sal vir jou die oorwinning gee.” Solank as wat u glo dat u bevry is, sal u die oorwinning hê. Dit is so eenvoudig soos dit. Die oomblik wanneer u vir oorwinning vra, sal u dit in u lewe ontvang as ‘n bron van krag. U sal dit nie voel nie, maar dit is daar. Dit sal daar bly solank as wat u dit in geloof aanvaar.

Vir sommige mense is die bevryding so dramaties dat hulle selfs hulle lus vir sonde verloor. Tabakverslaafdes was soms van die lus bevry, *maar dit is nie die normale manier waarop God dit doen nie.* Gewoonlik bly die begeerte, maar in die oomblik van versoeking, ontstaan die krag om die versoeking te vermy van binne. Geloof aanvaar die werklikheid van bevryding en maak gedurig aanspraak op die oorwinning wat in die veilige besit van die gelowige is.

Die finale stap tot oorwinning word beskryf in ons *vierde* teks, Romeine 13:14. “Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.” So sterk is die vertroue in die aangeneemde krag van God dat daar geen oorweging geskenk word om weer onder die krag van daardie sonde te struikel nie. Onder die ou “probeer” plan, was voorsiening gemaak om hoofsaaklik te misluk. Sigarette was op ‘n rak geplaas, en die roker het vir homself gesê, “Ek gaan probeer om nooit weer te rook nie, maar indien ek sou faal, weet ek waar hulle is.” Onder die “vertrou” plan, het ons egter geen rede om mislukking as gevolg van menslike swakheid te vrees nie. Oorwinning is nie afhanklik van ons krag nie, maar van God se mag. Ons kan misluk, maar vir Hom is dit onmoontlik. Sigarette word weggegooi. Alle planne wat enigsins voorsiening maak vir toegewings, moet laat vaar word.

Klein Jimmy was in die moeilikheid omdat hy teen sy moeder se bevel gaan swem het. Toe hy gevra was waarom hy ongehoorsaam was, het Jimmy geantwoord, “Omdat ek versoek

was." Toe het Moeder gesê, "Ek het opgelet dat jy jou swembroek vanoggend saamgeneem het. Waarom het jy dit gedoen?" Jimmy het geantwoord, "Omdat ek verwag het om in die versoeking te kom." Hoe tipies van diegene wat nie heeltemal hulle eie krag vertrou om die oorwinning te behaal nie. Hulle maak voorsiening om te misluk. Hulle neem hulle swemklere saam. Met God hoef daar geen voorsiening vir mislukking gemaak te word nie.

Iemand mag dalk beswaar maak dat hierdie ontmoedigend kan wees. Veronderstel die persoon misluk? Selfs Petrus het begin sink. Sal dit nie vertroue in God laat wankel wanneer oorwinning nie gehandhaaf word nie? Nee. Dat Petrus gesink het, het niks te doen gehad met die mislukking van goddelike krag nie. Dit het nie Christus se wil vir hom om op die water te loop, verander nie. Dit het slegs Petrus se behoefte aan sterker geloof beklemtoon om hom in staat te stel om Christus se bevel te gehoorsaam. Ons geloof kan verswak. Ons moet dalk herinner word van ons totale afhanklikheid van Sy krag. Dit verflou egter nie die skitterende plan van God om krag en oorwinning te verleen deur "die oneindige groot en kosbare beloftes" van die Bybel nie. Sonder geloof van die ontvanger kan selfs God se beloftes nie aangewend word nie. Die beperkings word duidelik in die woorde van Jesus omskryf, "Laat dit vir julle wees volgens julle geloof." Mattheus 9:29.

Daar is dit, vriend, in al sy eenvoud. *En dit werk!* Indien u gewillig is om bevry te word, werk dit. Niks sal die persoon help wat nie gewillig is om sigarette prys te gee nie. Maar indien u dit wel verlang, dit is daar. *Oorwinning, krag, bevryding* – reik net uit in geloof en dit is u s'n. Glo dit en maak op hierdie oomblik daarop aanspraak. God wil hê dat u vry moet wees.